- indien jy 'n vergrote prostaat het, 'n obstruksie in jou derms of oogprobleme (verhoogde druk in die oë of gloukoom).
- indien jy 'n geskiedenis van alkohol- of dwelmmisbruik het.

QUESARA moet nie aan kinders of adolessente gegee word nie.
Terwyl QUESARA geneem word:
- Gedagtes van selfmoord en verergering van jou depressie:
  Indien jy depressief is, kan jy soms daarraan dink om jouself leed aan te doen of om selfmoord te pleeg. Hierdie gedagtes kan toeneem wanneer daar met die behandeling begin word, aangesien QUESARA tyd neem om te begin werk, gewoonlik ongeveer twee weke maar soms langer. Indien jy op enige tydstip daaraan dink om jouself leed aan te doen, of om selfmoord te pleeg, moet jy jou dokter kontak of onmiddellik na 'n hospitaal gaan. Jy mag dit moontlik nuttig vind om 'n familielid of hegte vriend te vertel dat jy depressief is en hulle te vra om hierdie inligtingsblik te lees. Jy kan hulle moontlik vra om jou te vertel indien hulle dink dat jou depressie vererger, of as hulle bekommerd is oor veranderinge in jou gedrag.
- Indien jy siekte infeksies waarneem, moet jy jou dokter in kennis stel. Dit kan gebeur as gevolg van die verminderde aantal witbloedselle in jou bloed, wat lei tot verlaagde immuniteit.
- QUESARA kan hoë bloedsuikervlakke veroorsaak en in sommige gevalle tot 'n koma of die dood lei. Vertel jou dokter as jy simptome soos oormatige dors, eet en urinering ervaar. Jou dokter sal jou bloedsuikervlakke op 'n gereelde basis monitor en jou behandel vir die hoë bloedsuiker.
- Hoë vlakke van vet (triglisiriede en cholesterol) in die bloed is al gesien in pasiënte wat QUESARA gebruik. Jou dokter sal bloedtoetse doen om sekere veranderke te kontroleer voordat jy QUESARA begin neem en gereeld tydens die behandeling.
- Gewigstoename is gesien in pasiënte wat QUESARA gebruik. Jy en jou dokter moet jou gewig gereeld kontroleer.
- QUESARA kan ontsteking van die pankreas (pankreatitis) veroorsaak. Stel jou dokter in kennis indien jy simptome soos slegte spysvertering, naarheid, braking en verlies aan eetlus ervaar.
- Vertel jou dokter indien jy ligkoofdigheid of floutjies ervaar, veroorsaak deur 'n skielike verandering in hartiempo en bloeddruk, wanneer jy te vinnig vanuit 'n sit- of liposisie opstaan.
- QUESARA kan **sleepapnee** veroorsaak, wat 'n potensieel ernstige **sleepversteuring** is waarin asemhaling herhaaldelik ophou en begin. Lig jou dokter in indien jy aan sleapversteuring ly.
- QUESARA kan dit moeilik maak om te sluk an 'n toestand veroorsaak waarin voedsel, vloeistowwe, speeksel of braaksel in die lugweg ingaseem word. Stel jou dokter in kennis indien jy hoes, probleme met asemhaling en in kommige gevalle, verstikking ervaar.
- QUESARA kan buikpyn veroorsaak, gevolg deur probleme met stoelgange (hardlywigheid). Stel jou dokter in kennis as jy hierdie simptome ervaar.
- Hierdie tipe mediseyne kan ongewone bewegings van vorat die gesig of long veroorsaak. Vertel jou dokter indien dit gebeur nadat QUESARA aan jou gegee is.
- QUESARA kan erge naelsiekoshaid veroorsaak, met die behoefte daaraan om te beweeg, gewoonlik vergesel met die onvermoë om stil te sit of stil te staan, vertel gedurende die eerste paar weke van die behandeling. Vertel jou dokter indien jy hierdie simptome ervaar.
- Hierdie tipe mediseyne veroorsaak bee seide 'n kombinasie van koors, vinnige asemhaling, sweet, spierstyfheid en lomerigheid of slapenghaid. Wanneer dit gebeur, kontak jou dokter.
- As jy siekte die behandeling met QUESARA stop, kan jy moontlik slaperigheid, naarheid, braking, hoofpyn, diarree ervaar. Jou dokter sal jou dosis geleidelik oor een of twee weke verminder om ontrekkingsimptome te voorkom.
- QUESARA kan 'n toename in prolaktienvlakke veroorsaak wat gekenmerk word deur onreëlmatige of afwesige maandelondes, onvrugbaarheid, menopousale simptome (warm gloeie en vaginale droogheid), en na 'n paar jaar, osteoporose (verdunning en verswakking van die bene). Hoë prolaktienvlakke kan ook melkafskeiding uit die borste veroorsaak.

Andermediseyne en QUESARA
Vertel altyd jou gesondheidsorgverskaffer indien jy enige ander mediseyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele mediseyne in.)
Jy kan lomerig voel as QUESARA geneem word in kombinasie met alkohol, antidepressante of mediseyne wat geneem word vir angstigheid of om jou te help slaap (kalmeermiddels).
Sien jou dokter in kennis indien jy die volgende mediseyne neem:
- Ketokonasool, fluikonasool of itrakonasool (vir swambestamting)
- Fenitoïen, natriumvalproaat of karbamasepen (vir epilepsie)
- Levodopa (vir Parkinson se siekte)
- Imipramien en fluoksetien
- Simetidien
- Litium (ander antipsigotiese middels)
- Risperidoon, haloperidol en tioridasien (antipsigotiese middels)
- Mediseyne wat 'n inwerking het op die manier waarop jou hart klop, byvoorbeeld mediseyne wat 'n verbreking in elektrolitiese (soos kalium- of magnesiumvlakke) kan veroorsaak, soos diuretika (waterpille) of sekere antibiotika (om infeksies te behandel),
- Mediseyne (naamlik "antichollnergiese middels") wat die manier waarop senuweeselle funksioneer beinvloed, om sodoende sekere mediese toestande te behandel.
- Indien jy 'n uitenasting ondergaan, kan die neem van QUESARA moontlik positiewe resultate vir metadoon of sekere mediseyne vir depressie, naamlik triksiklase antidepressante veroorsaak, wanneer sekere toetsmetodes gebruik word. selfs al neem jy nie metadoon of triksiklase antidepressante nie. Die bevestiging van die uitslae deur meer spesifieke toetse word aanbeveel.

QUESARA met voedsel en dranklee en alkohol:
QUESARA kan met of sonder voedsel geneem word. Moet nie enige alkohol drink terwyl jy QUESARA gebruik nie, aangesien die alkohol saam met QUESARA jou lomerig kan maak.
Pomelosap moet vermy word.

Swangerskap, bere voeding en fertiliteit
As jy swanger is of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter. apteker of ander gesondheidsorgwerker vir advies voordat jy QUESARA neem.
Jy moet nie QUESARA gedurende swangerskap gebruik nie.
QUESARA moet nie geneem word terwyl jy borsvoed nie.

Die volgende simptome wat ontrekking kan voorstel, mag voorkom in pasgebore babas van moeders wat QUESARA in die laaste trimester (laaste drie maande van hul swangerskap) gebruik het: bewe, spierstyfheid en/of -swakheid, slaperigheid, rusteloosheid, asemhalingsprobleme en probleme met voeding. Indien jou baba enige van hierdie simptome ontwikkel, moet jy eerder jou dokter kontak.

Bestuur en gebruik van masjinerie
Slaperigheid, verminderde waaksaamheid, duiseligheid en lomerigheid is aangemeld in pasiënte wat QUESARA ontveng. As jy hierdie simptome ervaar. moet jy jou vermoë om te bestuur of om masjinerie te gebruik, evalueer.

QUESARA bevat
QUESARA bevat laktose. Pasiënte met die seldsame oorerflike toestande van laktose- of galaktose onverdraagsaamheid moet nie QUESARA gebruik nie.
QUESARA bevat laktose wat 'n invloed kan hê op die beheer van jou bloedsuiker as jy diabetes mellitus het.

3. Hoe om QUESARA te neem of te gee

- Moet nie mediseyne wat vir jou, of jou kind voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.
- Neem, of gee altyd QUESARA presies soos jou dokter of apteker jou vertel het. Vra jou dokter of apteker indien jy onseker is.
- Jou dokter sal jou presies vertel hoeveel mediseyne jy moet neem, of gee, en wanneer jy dit moet neem, of gee.

Die gewone dosis is:
QUESARA word een of twee keer per dag geneem. Jou dokter kan jou daagliikse dosis tussen 150 en 800 mg per dag aanpas, afhangende van jou individuele behandeling en behoeftes.
Raadpleeg jou dokter indien jou simptome terugkeer, maar moet nie ophou om QUESARA te neem nie, tensy jou dokter jou beveel om dit te doen.
Neem die tablette met 'n voldoende hoeveelheid vloeistof (bv. een glas water). Moet nie die tablette kou nie,
Jou dokter sal jou vertel hoe lank jou behandeling met QUESARA sal duur. Moet nie met die behandeling vroeër ophou nie, indien jy onder die indruk is dat die effek van QUESARA te sterk of te swak is, praat dan met jou dokter of apteker.

As jy meer QUESARA neem of gee as wat jy moet
In die geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een beskikbaarsis nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.
'n Oordosis kan verlaagde bloeddruk, verwarring, probleme met lnneming, depressie, probleme met asemhaling, slaperigheid en koma veroorsaak.

Indien jy vergeet om QUESARA te neem, of te gee
Dit is belangrik om jou QUESARA gereeld, elke dag op dieselfde tyd, te neem. Indien jy vergeet om 'n dosis te neem, neem dit sodra jy daarvan onthou, en gaan dan aan soos voorheen. Moet nie 'n dubbele dosis neem om dit die vergete individuele dosisse op te maak nie.

As jy ophou om QUESARA te neem of te gee
Neem QUESARA vir so lank as wat jou dokter dit aanbeveel. Moet nie ophou om QUESARA te neem nie, tensy jou dokter jou beveel om dit te doen.
As jy skielik ophou om QUESARA te gebruik, kan simptome soos sweet, onvermoë om te slaap, bewing, angs of naarheid, hoofpyn, diarree en braking voorkom. Jou dokter kan dalk voorstel dat jy die dosis geleidelik moet verminder voordat jy met die behandeling ophou.

4. Moontlike newe-effekte

QUESARA kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir QUESARA aangemeld is, is in hierdie inligtingsblad ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid verslag of indien jy enige ongunstige effekte ervaar terwyl jy QUESARA neem, kontak asseblief jou gesondheidsorgverskaffer of apteker.
Indien enige van die volgende gebeur, hou op om QUESARA te neem of te gee, en kontak jou dokter onmiddellik of gaan na die ongevalle afdeling van jou naaste hospitaal
- Kombinasie van koors, griepagtige simptome, koeliesr, of enige ander infeksie met baie lae witbloedselaelling, 'n toestand wat agranulositose genoem word,
- 'n Erge allergiese reaksie (genaamd anafilaksie) wat asemhalingsprobleme of sluk kan veroorsaak.
- Probleem om te sluk
- Erge gevoel van lomerigheid
- 'n Kombinasie van hoë temperatuur (koors), sweet, stywe spiere, voel baie lomerig of word flou ('n versteuring genaamd "maligne neuroleptiese sindroom").
- Bloedklonte in die ere, veral in die bene (simptome sluit in swelling, pyn en roodheid in die bene), wat deur die bloedvate na die longe kan beweg en borskeapyn en probleme met asemhaling kan veroorsaak. Indien jy enige van hierdie simptome opmerk, moet jy dadelik mediese advies inwin.
- Aanvalle (stuipteekinge)

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As jy dit het, het jy moontlik 'n ernstige reaksie op QUESARA gehad. Jy benodig moontlik dringende mediese hulp of hospitaalsorg.

Vertel jou dokter onmiddellik of gaan na die ongevalle afdeling van die naaste hospitaal, indien jy enige van die volgende opmerk:
- Priapisme (langdurige en pynlike erekse)
- Probleme met urinering.
- Onbeheerbare bewegings, hoofdraaiklik van jou gesig of tong
- Geelverkleuring van die vel en oë (geelsug)
- Erge uitslag, blase, of rooi kolle op die vel,
- Vinnige swelling van die vel, gewoonlik rondom die oë, lippe en keel (angioedeem).
- 'n Ernstige toestand waarin blase op die vel, mond, oë en geslagsdele vorm (Stevens-Johnson-sindroom).

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy kan moontlik dringende mediese sorg benodig.

Kontak jou dokter onmiddellik of gaan na die naaste hospitaal as enige van die volgende gebeure met jou gebeur (hierdie word ook hieronder beskryf). Hierdie gebeurtenisse is skaars en word soms gesien met mediseyne wat gebruik word om geestesongesteldhede te behandel,
- Erge gevoel van slaperigheid
- Aanvalle (stuipteekinge)
- Priapisme (langdurige en pynlike erekale)

Vertel jou dokter indien jy enige van die volgende opmerk:
Algemene newe-effekte:
- Duiseligheid (kan lei tot val),
- Hoofpyn.
- Voel slapeng,
- Versteuring in spraak en taal
- Abnormale spierbewegings (Dit sluit probleme in om spierbewegings te begin, bewerigheid, 'n gevoel van rusteloosheid of spierstyfheid sonder pyn).
- Droë mond,
- Hardlywigheid,
- Omgeskrapte maag (slegte spysvertering)
- Braking

- Stakingsimptome (simptome wat voorkom wanneer jy ophou om QUESARA te gebruik) sluit in om nie te kan slaap nie (insomnie), siek voel (naarheid), hoofpyn, diarree, siek wees (braking), duiseligheid en liggeraaktheid. Geleidelike ontrekking oor 'n tydperk van ten minste 1 tot 2 weke word aanbeveel.
- Voel swak,
- Arms of bene wat swel.
- Voel gefrikteerd.
- Koors
- Toename in gewig,
- Veranderings in die hoeveelheid van sekere vette (triglisiriede en totale cholesterol), verhoogde bloedsuikervlakke,
- Voel meer honger
- Vinnige hartklop, voel asof jou hart bons, jeug of slae oorslaan,
- Lae bloeddruk wanneer jy opstaan.
- Dowwe wee
- Abnormale drome en nagmerries, gedagtes van selfmoord en verergering van jou depressie.
- Kort van asem, toe neus, veranderinge in die aantal tiroïechormone en jou bloed
- Toename in die aantal prolaktienhormoon in die bloed. Verhogings in die prolaktienhormoon kan in seldsame gevalle lei tot die volgende:
  - Mans en vrouens met geswelde borste en onverwagte produksie van borsmelk.
  - Vrouens met geen maandstonde, of ongereelde maandstondes.
- Afname in die hoeveelheid van sekere liipe bloedsuikers.
- Stygting in die hoeveelheid lewerensieme wat in die bloed gemeet word.

Minder algemene newe-effekte:
- Aanvalle of stuipteekinge,
- onaangename sensasies in die bene (ook bekend as rustelose bene sindroom)
- onbeheerbare bewegings, hoofraaiklik van jou gesig of long.
- Floutes (wat kan lei tot val)
- Allergiese reaksies wat verhewe bulte (galbulte), swelling van die vel en swelsel om die mond kan insluit,
- Kombinasie van koors, griepagtige simptome, seerkeel, of enige ander infeksie met baie lae witbloedselaelling, 'n toestand wat agranulositose genoem word.
- 'n Ernstige allergiese reaksie (genaamd anafilaksie) wat probleme met asemhaling of sluk kan veroorsaak.
- Probleme met sluk,
- Ontsteking van die penkrees,
- Dermobestuiste,
- Seksuele disfunksie,
- 'n Langdurige en pynlike erekale (priapisme),
- Geswelde borste en onverwagte produksie van borsmelk (galaktorree),
- menstruasionderversteuring,
- Diabetes,
- Verergering van bestaande diabetes,
- Vermindering in die hoeveelheid natrium in die bloed
- 'n Toestand (bekend as "metabolieses sindroom") waar jy moontlik 'n kombinasie van 3 of meer van die volgende kan hê: 'n toename in vet rondom jou buik, 'n afname in "goeie cholesterol" (HDL-C), 'n toename in 'n tipe vet in jou bloed, naamlik triglisiriedte, hoë bloeddruk en 'n toename in jou bloedsuiker,
- Veranderinge in elektriese aktiwiteit van die hart soos gesien op 'n EKG (QT verlenging), 'n stadiger as normale hartrempo wat kan voorkom wanneer behandeling begin word, en wat geassesseerd kan wees met lae bloeddruk en floutjies word,
- Probleme om te urineer,
- Afname in die hoeveelheid rooibloedselle.
- 'n Kombinasie van hoë temperatuur (koors), sweet, stywe spiere, voel baie lomerig of word flou ('n versteuring genaamd "maligne neuroleptiese sindroom"),
- Afname in liggaamstemperatuur (hipotermie),
- Geelverkleuring van die vel en oë (geelsug),
- ontsteking van die lewer (hepatitis),
- Bloedklonte in die ere, veral in die bene (simptome sluit in swelling, pyn en roodheid in die been), wat deur die bloedvate na die longe kan beweg en borskeapyn en probleme met asemhaling kan veroorsaak. Indien jy enige van hierdie simptome opmerk, moet jy onmiddellik mediese advies inwin.
- Loop rond, praat, eet of doen ander aktiwiteite terwyl jy aan die slaap is.
- Verhoogde kreatiefosfokinase in die bloed ('n stof vanuit die spiere),
- Ernstige uitslag, blase of rooi kolle op die vel,
- Vinnige swelling van die vel, gewoonlik rondom die oë, lippe en keel (angioedeem),
- 'n Ernstige toestand waarin blase op die vel, mond, oë en geslagsdele voortkom (Stevens-Johnson sindroom)
- Onvoldoende afskeiding van 'n hormoon wat die urienvolume beheer.
- Afbreek van spierweefsels en pyn in die spiere (rabdomiolise)

Newe-effekte waarvan die frekwensie nie bekend is nie:
- Vakuitasie met onwillekeurige mov-ekkie (veelvuldige artisem),
- Ernstige, skielike allergiese reaksie met simptome soos koors en blase op die vel en afskilfering van die vel (toksiese epidermale nekrolise),
- Geneesmiddelreaksie met eosinofilie en sistemiese simptome ("DRESS") wat beteken uit griepagtige simptome met 'n uitslag, koors, geswelde kliere en abnormale bloedtoetsresultate (insluitend verhoogde witbloedselle (eosinofilie) en lewersiekte),
- Ontrekkingsimptome kan voorkom in pasgebore babas van moeders wat QUESARA gedurende hul swangerskap gebruik het.
- Beroerte

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingsluk genoem word nie, moet jy jou dokter of apteker daarvan in kennis stel.

Aanmelding van newe-effekte
Indien jy of jou kind newe-effekte kry, praat met jou dokter, apteker of verpleegkundige.

Dit sluit enige moontlike newe-effekte in, wat nie in hierdie inligtingsblad gelys is nie. Jy kan ook newe-effekte aanmeld by SAHPRA via die "8.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.
Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van QUESARA te voorsien.

5. Hoe om QUESARA te berg

Bewaar alle mediseyne buite bereik van kinders.
Bewaar by of benede 25°C.
Bewaar die stuipstrook in die karton totdat dit benodig word vir gebruik.
Hou die HDPE houer dig gesluit.
Bewaar in die oorspronklike verpakking om sodoende van lig en vog te beskerm.
Moet nie in 'n badkamer bêre nie.
Moet nie na die vervaldatum wat aangebring is op die etiket/kartonfbottel gebruik nie.
Neem alle ongebruikte mediseyne terug na jou apteker.
Moet nie ongebruikte mediseyne in die riool of rioolstelsel (bv. toilet) gooi nie.

6. Inhoud van die pak en ander inligting

Wat QUESARA bevat
QUESARA 25 mg:
Die aktiewe bestanddeel is 25 mg kwetiapien (as kwetiapienfumaraat).
QUESARA 100 mg:
Die aktiewe bestanddeel is 100 mg kwetiapien (as kwetiapienfumaraat).
QUESARA 200 mg:
Die aktiewe bestanddeel is 200 mg kwetiapien (as kwetiapienfumaraat).
QUESARA 300 mg:
Die aktiewe bestanddeel is 300 mg kwetiapien (as kwetiapienfumaraat).

Die ander bestanddele is mikrokristallyne sellulose, dibasiese kalsiumfosfaat, natriumstysselglikolaat, laktosemonohidraat, povidoon, kolloïdale silikondioksied, magnesiumstearaat, Die tablette is bedek met bedekking wat saamgestel is uit hipromellose, titaandioksied (Kleurindeks No.: 77891), en poliëtileenglikol 400.
QUESARA 25 mg bevat ook geel yelerokside (Kleurindeks No.: 77492) rooi yelerokside (Kleurindeks No.: 77491) en **QUESARA 100 mg bevat geel yelerokside** (Kleurindeks No.: 77492),
QUESARA 25 mg bevat suiker (5,175 mg laktosemonohidraat),
QUESARA 100 mg bevat suiker (20,70 mg laktosemonohidraat),
QUESARA 200 mg bevat suiker (41,40 mg laktosemonohidraat),
QUESARA 300 mg bevat suiker (62,10 mg laktosemonohidraat).

Hoe QUESARA lyk en die inhoud van die pak
QUESARA 25 mg
Persiekkleurige, ronde, filmbedekte tablette, met 'F 71' op die een kant gedruk en onverseker aan die ander kant.
QUESARA 100 mg
Geelkleurige, ronde. filmbedekte tablette, met 'F 73' op die een kant gedruk en onverseker aan die ander kant.
QUESARA 200 mg
Wilgeskleurde, ronde, filmbedekte tablette, met 'F 75" op die een kant gedruk en onverseker aan die ander kant.
QUESARA 300 mg
Wilgeskleurde, kapsuulvormige, filmbedekte tablette, met 'F 76" op die een kant gedruk en onverseker aan die ander kant.
QUESARA 25 mg:
1) **Stuipverpakking:**
Tablette word verpak in wit onderuigtige PVC/PVdC 250/60 PVC-film, bedek met 60 gsm PVdC as die vormingsmateriaal, en gewone 25 mikron, aluminiumfoelie, 6-8 gsm HSL, as die delsmateriaal. Elke stuipstrook bevat 10 tablette.
Verpakkingsgrootte: 100's – Elke karton bevat 10 stuipstroke van 10 tablette elk.
90's – Elke karton bevat 9 stuipstroke van 10 tablette elk.
2) **HDPE houer verpakking:**
Die tablette is verpak in 'n wit, ronde 60 ml HDPE-bottel met 'n 33 naksitwerking en geslut met 'n 33 mm kinderbestande sluiting met pulp en hitte seël. Elke houer bevat 100 tablette.
Verpakkingsgrootte: 100's – Een HDPE houer bevat 100 tablette.

QUESARA 100 mg:
1) **Stuipverpakking:**
Tablette word verpak in wit onderuigtige PVC/PVdC 250/60 PVC-film, bedek met 60 gsm PVdC as die vormingsmateriaal, en gewone 25 mikron, aluminiumfoelie, 6-8 gsm HSL, as die delsmateriaal. Elke stuipstrook bevat 10 tablette.
Verpakkingsgrootte: 100's – Elke karton bevat 10 stuipstroke van 10 tablette elk.
90's – Elke karton bevat 9 stuipstroke van 10 tablette elk.
2) **HDPE houer verpakking:**
Die tablette is verpak in 'n wit, ronde 60 ml HDPE-bottel met 'n 33 naksitwerking en geslut met 'n 33 mm kinderbestande sluiting met pulp en hitte seël. Elke houer bevat 100 tablette.
Verpakkingsgrootte: 100's – Een HDPE houer bevat 100 tablette

QUESARA 200 mg:
1) **Stuipverpakking:**
Tablette word verpak in wit onderuigtige PVC/PVdC 250/60 PVC-film, bedek met 60 gsm PVdC as die vormingsmateriaal, en gewone 25 mikron, aluminiumfoelie, 6-8 gsm HSL, as die delsmateriaal. Elke stuipstrook bevat 10 tablette.
Verpakkingsgrootte: 100's – Elke karton bevat 10 stuipstroke van 10 tablette elk.
60's – Elke karton bevat 6 stuipstroke van 10 tablette elk.
2) **HDPE houer verpakking:**
Die tablette is verpak in 'n wit, ronde 60 ml HDPE-bottel met 'n 38-400 naksitwerking en geslut met 'n 38 mm kinderbestande sluiting met pulp en hitte seël, Elke houer bevat 100 tablette.
Verpakkingsgrootte: 100's – Een HDPE houer bevat 100 tablette.

QUESARA 300 mg:
1) **Stuipverpakking:**
Tablette word verpak in wit onderuigtige PVC/PVdC 250/60 PVC-film, bedek met 60 gsm PVdC as die vormingsmateriaal, en gewone 25 mikron, aluminiumfoelie, 6-8 gsm HSL, as die delsmateriaal. Elke stuipstrook bevat 10 tablette.
Verpakkingsgrootte: 90's – Elke karton bevat 9 stuipstroke van 10 tablette elk.
60's – Elke karton bevat 6 stuipstroke van 10 tablette elk.
2) **HDPE houer verpakking:**
Die tablette is verpak in 'n wit ronde 75 ml HDPE-bottel met 'n 38-400 naksitwerking en geslut met 'n 38 mm kinderbestande sluiting met pulp en hitte seël, Elke houer bevat 60 tablette.
Verpakkingsgrootte: 60's – Een HDPE houer bevat 60 tablette.
Nie alle verpakkings en verpakkingsgroottes word noodwendig bemark nie.

Houer van die Sertifikaat van Registrasie en Vervaardiger
MACLEODS PHARMACEUTICALS SA (Edms) Bpk
Kantoorblok 1, Bassonia Estate Kantoorpark (Ede).
Cussonia Rylaan 1, Bassonia Rock, Uitbreiding 12,
Alberton, Suid Afrika

Hierdie inligtingsblad is laas hersien in:
09 Februarie 2021

Registrasie nommer
QUESARA 25 mg: 47/2.6.5/0144
QUESARA 100 mg: 47/2.6.5/0145
QUESARA 200 mg: 47/2.6.5/0146
QUESARA 300 mg: 47/2.6.5/0147

Vir die ooreenstemmende Professionele inligting
Die oorenstemmende professionele inligting kan by https://macleodsspaproducts.co.za/ verkry word of deur 011 882 1169 te kontak

MACLEODS

PACKAGING RESEARCH & DEVELOPMENT

Restricted Circulation

(Front Page)

ARTWORK / PRINTPROOF APPROVAL FORM

Note : Exclude Professional Information & Dimension change.

1. Product: QUESARA (Quetiapine Tablets)	
2. Country: South Africa	3. Packaging component: Package Insert & Patient Information Leaflet
4. No. of Colours: 1 Colour	5. Pantone Shade No.: Black
6. Specification: 40 GSM Bible Paper	
7. Machine Layout No.: NA	8. Dimensions: 435 (L) x 380 (W) mm
9. Design / Style: Booklet Type	10. Item code No.: PM03625802
11. Artwork has been made: Actual Size	12. Pharma code No.: 33052 mini
13. Barcode/NDC no: NA	14. Supersedes Item code No: PM03625801
15. Revision No: 01	16. A/W File name: X:\Quetiapine\SA Private Market\01\Quetiapine Tablets PIL- PM03625802.cdr
Approved By:	17. Location: Daman

PRD	M.A. HOLDER	MEDICAL/RAD	QC	PRODN	QA
26/06/23	Vanita Rajool	27/06/23	30/06/23	1/07/23	Cyadav 04/07/23

Note: 1. To follow overleaf checklist for approval of Artwork / Print proof.

Instructions to Vendor :

1. Before processing, please ensure First pull out / Commercial supply should match with approved Artwork with respect to Design, Size, Fonts & Text.
2. Print proof to represent full printing area with Station Numbers.

FRM/CQA/021/04-02

Reason for revision :	Item code	Artwork Send for Printing Date	Artwork Implementation Date
1) New Artwork for South Africa	PM03625801	17/08/22	02/01/23
2) Exclude Professional Information & Dimension change.	PM03625802		

CONTROLLED COPY ISSUED TO QP

Sign.: Date: 26/04/24